GROEIGROEP MATERIAAL

Onbeskaamd in ons Geloof

Waag om te Imagine in jou geloof

Opening

Ons is by week 3 van onbeskaamd in ons geloof. Ysbreker vraag: Kan mens die voordeel van iets geniet sonder dat jy verstaan hoe dit werk?

_____

_____

Inleiding

Ons sal sekerlik nooit alles kan verstaan hoe geloof werk nie, tog gee die Skrif vir ons genoeg om oor te dink as dit by ons geloof kom. Geloof is wat dit is – dit is om ons hoop te sit op iets wat ons nie kan sien nie. Wat dink julle van die volgende teks gedeelte:

> Daarom is die dinge wat ’n mens kan sien, nie baie belangrik vir ons nie. Die dinge wat ’n mens nie kan sien nie, is belangrik. Die dinge wat ’n mens kan sien, is net ’n kort tydjie daar, maar die dinge wat ’n mens nie kan sien nie, is vir altyd.
> 2 Korintiërs 4:18 (DB)

_____

_____

In Hebreërs 11 word daar in klompie name genoem van mense wat geleer het om hulle lewe te rig op dit wat hulle juis nie kon sien nie. Wat is dit wat hulle nie kon sien nie en hoe het dit toe vir hulle uitgewerk?

- Vanweë sy geloof het Abel ...
- Vanweë sy geloof het Noag ...
- Vanweë sy geloof het Abraham ...
- Vanweë sy geloof het Moses ...
- Vanweë sy geloof het Dissipels ...
- Vanweë sy geloof het Paulus ...

INHOUD & GESPREK

Iemand het eendag gesê: Ons glo eerder in ons twyfels - en ons twyfel ons geloof

Is dit waar in jou lewe?

_____

_____

Ons het reeds vir mekaar gesê dat geloof sou beteken dat ons dinge begin sien uit Sy perspektief. Faith is seeing from God's point of view. Dit sou beteken dat ons anderkant ons twyfels en onsekerheid moet begin fokus. In ander woorde – ons gaan moet leer om te "Imagine" dit wat ons nie kan sien nie.

Wat sou dit vir jou beteken om meer te "Imagine" in jou geloof?

_____

_____

KOM ONS LEES

Alhoewel ons geloof in iets is wat ons nie kan sien nie, is geloof ook nie heeltemal blind nie. Ons kan glo omdat God Hom aan ons openbaar het. God maak Hom aan ons bekend. Lees die volgende tekste oor God wat Hom aan ons bekend maak en deel hoe Hy dit doen:

Psalm 19:1-8
Romeine 1:20
Jakobus 1:5-6
Johannes 14:16-17
Efesiërs 1:18-19

_____

_____

_____

_____

Slot

Wat is die Here besig om vir jou te se oor jou geloof in Hom?

_____

_____

`n Mens het net waagmoed nodig as jy iets groters wil doen en glo...

Amen...